**Vrydag 10 Augustus**

| Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:14-16 | Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:15 |
|---|---|

# Die kerk as huis van die lewende God

Ná die hemelvaart van Christus het Hy nie opgehou om op die aarde te werk nie. Die Middelaarswerk wat Hy in sy vernedering moes doen, is afgehandel. In sy verheerliking gaan Hy voort met sy Middelaarswerk in die hemel. En op aarde gaan Hy voort met sy profetiese, priesterlike en koninklike werk.

Hierdie werk doen Christus sigbaar en hoorbaar op die aarde. Daarom vergader Hy deur sy Gees en Woord sy kerk op die aarde. Sy kerk is sy liggaam en Hy is die Hoof daarvan. Deur sy ouderlinge en diakens rus Hy elke lidmaat van sy kerk toe om as sy lig-gaam en as die gemeente van die lewende God te leef.

Dus lyk die kerk nie soos ’n klub of ’n vereniging waarheen individue kom om ’n goeie praatjie te hoor en daarna weer te verdwyn tot die volgende vertoning nie. Die kerk, as lewende huis van die lewende God, skik haar lewe volgens die bevel van Jesus. Lidmate leef as broers en susters met mekaar omdat die Heilige Gees hulle deur die een geloof in die een Here saambind.

As gemeente van die lewende God dra hulle die evangelie uit, want die wêreld moet hoor Wie Jesus Christus is. As gemeente van die lewende God leef hulle die evangelie konkreet uit, want die wêreld moet sien wat Christus op aarde doen. Deur die evangelie uit te dra en uit te leef, is die kerk ook ’n pilaar van die waarheid. Die wêreld kan aan die kerk se lewe sien dat die evangelie eg is – Christus verander mense se lewens!

*Sing: Skrifberyming 15-7:5, 6*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*